3 Maart 2010

OUEROMSENDBRIEF 8/2010

Geagte ouers/voogde

1. GEDAGTE VAN DIE WEEK

My kind as rolspeler op pad … na volwassenheid

Die resessie en onderwys

Mc Kinsey (Bohlen e.a.) navorsing dui daarop dat koopgedrag van 18% kopers weens die resessie verander het ,deurdat hul goedkoper produkte van die raak afgekoop het, die laaste twee jaar.

In onderwys kan dit bloot nie waar wees, dat onderwys na 'n laer standaard sak nie, vir verskeie redes waaronder dat werksoekers teen 'n nog groter aantal werkaansoekers moet meeding vir 'n beskikbare pos. Die bes gekwalifiseerde, mees ervare potensiële werker gaan onder normale omstandighede die werk kry. Ja, soms is werkers te goed gekwalifiseer maar dan onderskat hul hul eie potensiaal.

U kind werk vandag al aan sy/haar toekoms. Leerders wat nie hul lees tuis oefen, hul huiswerk doen, leer vir toetse of selfs net vorige vraestelle leer nie, mis die punt van toetsing en eksamenskryf. Die uitslag van vandag se onderwys lê juis waar insig in die werkplek, versamelde vaardighede by 'n werkaansoek en probleemoplossing leervaardighede op naskoolse vlak of selfs tydens hoërskooljare, 'n rol speel.

In Bakenkop probeer ons om elke jaar leer en onderrigeise-praktyke aan te pas sodat ons die beste moontlike leer- en onderrigkultuur kan skep wat later vir huidige leerders van waarde kan wees.

Onlangse kommentaar deur 'n oud-Bakie ouer, dat sommige onderwysers van ons skool dalk te hoë standaard stel tydens onderrig en leer omrede hul kind vir twee jaar op hoërskool maklik gewerk het, is wetenswaardig.

K O O P U V O E R T U I G B Y M c C A R T H Y T O Y O T A ,
H E N D R I K V E R W O E R D R Y L A A N . H U L O N D E R S T E U N
D I E S K O O L G E R E E L D . S ê U I S ' N O U E R V A N
B A K E N K O P A S U ' N V O E R T U I G B Y H U L K O O P E N
D I E S K O O L K R Y ' N S K E N K I N G V A N R 1 0 0 0 . 0 0
K O N T A K P E R S O N E P I E T E R V E L D S M A N (N U W E
V O E R T U I E) V A U G H A N P R E T O R I U S (A U T O M A R K) .
T e l : 0 1 2 6 5 3 9 4 0 0

Die leerders wat hul beste doen in Laerskool Bakenkop kry bloot meer geleenthede om hul deelname-ervaring en persoonlikheid-ontwikkeling te laat gedy op hoërskool. Die keuses van 'n leerder op laerskool maak saak vir sy/haar toekoms !!

<u>Vandaar die visie vir Bakieleerders: Hanteer elke situasie so goed jy kan</u> !!

Help asseblief u kind om self te leer leer of werk.

Bron: Bohlen, Betsy, Carlotti, S en Mihas, L. 2010.
How the recession has changed US consumer behaviour: McKinsey Quarterly number , bladsy 17.

2. SKOOLGELDE

Ouers wat nog die volle skoolgeldbedrag vir die jaar wil betaal het, volgens Beheerliggaam- besluit, nog tot DV Maandag 8 Maart 2010 tyd om dit te doen. Ouers kan 7½% afslag kry deur dit te doen.

Die besluit is in ooreenstemming soos dit in 2009 was. Die afslag wat u kan kry as u u volle skoolgeld bedrag voor/op 8 Maart 2010 betaal is, is <u>R486,75</u> (skoolgeld) per leerder en <u>R503.25</u> per Graad R-leerder.

3. GESINSWERKSWINKEL 6 MAART 2010

Onderwerp: "SELFBEELDONTWIKKELING BY LAER- EN HOëRSKOOLKINDERS"

Aanbieder: ***Bertie Hanekom van Perspektief Opleidingskollege, Potchefstroom***

Tyd: ***09:00 - 12:00***

Plek: ***LAERSKOOL BAKENKOP, Underbergstraat, Wierdapark***

Koste: ***R50 per persoon. (Sluit tee en verversings in)***

Vir meer besonderhede: <u>noodlyn@gkwp.co.za</u>

sms: Pietie Brink by 082 468 1420

4. SENIOR KOOR

Ons oefen en pretdag was heerlik! Pragtige kinders, suiwer stemme, lekker kos en hope pret.

Baie dankie aan al die ouers wat kinders rondry.

DATUMS

Hierdie is die volledige program vir die jaar. Bewaar op 'n veilige plek en moet asseblief nie ander reëlings tref op hierdie datums nie:

Woensdag	**24 Maart**	**-**	**Geen oefening.**
Donderdag	**22 April**	**-**	**Notepret aand**
Maandag	**17 Mei**	**-**	**Autumn Concert**
Woensdag	**2 Junie**	**-**	**Kultuuraand**
Woensdag	**28 Julie**	**-**	**Garsfontein kinder kultuurfees.**

Die datum vir Radio Kansel Tehita kompetisie waaraan ons gaan deelneem is nog nie bekend nie.

Alle uitstaande T-hemp (R60) en uitstappie geld (R65) moet DRINGEND betaal word.

5. PAASEIER BESTELLING

Alle paaseier bestellings afgehandel op 16 Maart 2010. Dankie vir die ondersteuning. Laat bestellings sal tot dan geneem word.

6. HAÏTIE

Ons kon R3000.00 skenk aan die rampfonds – dankie aan alle leerders wat deelgeneem het.

7. RENIER JOUBERT

Op Vrydag 26 Maart 2010 gedurende skooltyd, tree Renier Joubert (deelnemer Super Sterre en oud-Bakie) op. Die voorreg om die konsert by te woon en gewone klere aan te trek op dié dag as die skool sluit, beloop R10.00. Alle geld wat ingesamel word sal geskenk word aan Steve Biko Hospitaal se "Beautiful Noise Kogleêre Inplantingsprojek". Ons hoop al die Bakies ondersteun ons in hierdie baie belangrike projek.

8. GRAAD 1 NETBAL (BALVAARDIGHEDE)

Ons oefen elke Dinsdag en Donderdag vanaf 13:00 tot 13:40. Al die Graad 1 dogtertjies is welkom! Trek enige gemaklike kort broekie en t-hempie aan. Bring ook jou tekkies saam.

9. ATLETIEK

19 en 20 Maart - Atletiek: Nasionale kampioenskap – (Oos Londen)

10. PRAATJIE DEUR IVY SUTTON

Geniet jou man

PLEK : Laerskool Bakenkop
DATUM : 4 Maart 2010
PRYS : R100 per persoon

Sluit vingerete en geskenkie in.
Deure open 18:30.
Navrae : 082 4588831

11. POS VIR BEMARKING BY LAERSKOOL BAKENKOP

Die Beheerliggaam het dit goedgekeur dat 'n Bemarker by Laerskool Bakenkop aangestel moet word. Ons wil graag die pos vul uit ons ouers of personeel se geledere. Die bemarker sal verantwoordelik wees vir bemarking sowel as fondsinsameling. Salaris is onderhandelbaar. Aanvangsdatum: 1 Mei of so gou moontlik daarna. Stuur asb. CV's aan liezl@laerskoolbakenkop.co.za of handig dit in by die skoolkantoor vir aandag Liezl Walters-van Jaarsveld. Navrae kan gerig word aan Mev. Thea Bruwer by 083-414-7004 of cobus.bruwer@telkomsa.net. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 11:00 op 26 Maart 2010.

Vriendelike groete

_____
J.W.C. SCHEEPERS
HOOF